’n Kind van die ewige Onveranderlike

Teks: Eksodus 3: 1 - 22
Teksvers: Eksodus 3: 14

1. Inleiding

Daar is ’n tyd om te kom en ’n tyd om te gaan, soos wat die prediker dit ook duidelik maak vir ons in sy derde hoofstuk. Tog is dit vir ons as mens ’n moeilike konsep. Die idee van ’n veranderlike, iets wat vandag so is, maar môre anders. Is iets wat die gemak van die mens versteur. Iets van die onbekende wat weggeneem word. Dit kan die mat op so ’n manier onder ’n mens uitruk, dat ons dikwels mense hoor sê “eerder die duiwel wat ek ken as die onbekende.”

Tog uiteindelik in swaar en moeilike tye kan verandering welkom wees. Maar wat dan van aangename tye. Daar waar ons verandering so lank as moontlik wil uitstel. Wanneer hierdie verandering werklik groot is. Soos die weggaan en vervanging van mense in bestuurpossisies kan dit moeilik wees. Ons sien presies dit gebeur aan die begin van die boek Eksodus. Eksodus 1: 8 lees: “[8]Toe ’n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers, [9]het hy vir sy volk gesê: “Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons?”

En dit bring ’n mens by die gedagte wat in Bybel eie is aan die plek Egipte. ’n Plek van verdrukking en swaarkry. ’n Plek waaruit ‘n Eksodus broodnodig is. Ons fokus vandag op die teksgedeelte uit Eksodus 3, waar hierdie uittog aangekondig word. Maar uiteindelik is ons fokus nie op Moses nie. Dit is ook nie op die Farao nie. Ons fokus is op die oorsprong van die redding en uittog, ons Hemelse God en Vader. Want hierdie fokus is uiteindelik ook waar ware troos is.

2. Onveranderlike karakter eienskap.

Hierdie bekende “Ek is wat Ek is” openbaring het gelowiges al aan die praat regdeur die eeue. Dit het natuurlik aanleiding gegee tot die eienaam Jahwe, waarmee ons na die Verbondsgod, God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob verwys. Vir die ortodokse Israeliet is hierdie eienaam so heilig dat die masorete nie die klinkers daar invoeg, wanneer dit met die res van die Ou Testamentiese teks gedoen word. Die rede hiervoor is natuurlik inlyn met derde gebod, want op hierdie manier verhoed hulle dat Jahwe per ongeluk hardop gelees word.

Maar tog weet ons ook dat ’n Naam in die antieke ooste meer as bloot ’n formaliteit was. Kinders het dikwels eers later name gekry, sodat dit kon gebeur in lyn met hulle karaktertrekke. ’n Naam was dus iets persoonlik en intiem, maar ook iets beskrywend. En daarom glo ons regdeur die eeue dat die almagtige Skepper en onderhouer van die heelal, nie Sy naam hier aan Moses bekend maak nie. Met respek gesê kry die mens nie hierdie hou vas op die Here nie. Juis daarom transkribeer ons nie gewoonlik hierdie naam in Jahwe in nie.

Maar wat wel hier geopenbaar word is ’n eienskap van die Here. Eintlik die belangrikste eienskap. En dit is iets wat ons al sommer eenvoudig in die afrikaanse vertaling daarvan kan sien. Ons teksvers lees “Ek is wat Ek is” of in die 2020 vertaling “Ek is wie Ek is”. Kyk mooi dit lees nie: “Ek het geword wat ek is nie” of “Ek sal verander in dit wat ek moet wees nie”. Nee hier is geen sprake “van word of verander” nie. Die konstante is word hier gebruik.

Dit is uiteindelik die karakter eienskap van God die Vader wat aan ons geopenbaar word. Maak nie saak wat hoeveel en hoever dinge hier op aarde verander nie, Psalm 90:2 bly waar: “[2]Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!

3. Nie abstrak nie maar werklik

Die volgende saak rondom hierdie openbaring word vir ons duidelik uit die wetenskap beoefening. Wanneer die wetenskap iets, veral die fisiese bestaan van iets erken, word daar ‘n naam vir dit gegee. Trouens dit is hoe ons wetenskaplik ook gehoorsaam is aan die

opdrag van die Here in Genesis 2:19 & 20:
“19Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.
20Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie ’n helper, ’n gelyke, gekry nie”.

Maar wanneer iets abstrak en vaag is het ons gewoonlik nie die behoefte om ‘n konkrete unieke naam daaraan te gee nie. Prakties kan ons dit as volg verduidelik: Dit is vir my nie belangrik om land- en dorpsname van plekke in die noordelike halfrond te ken nie. Want ek gaan waarskynlik nooit daar kom of selfs daarna verwys, in gesprekke met mense nie. Op ’n manier kan ’n mens dieselfde sê van plante, diere en selfs nasie en kulture wat nie in my gebied voorkom nie.

Daarom is dit dan juis belangrik om hierdie belangrike aspek van die openbaring in ons teksgedeelte vandag te sien. Ons kan eerstens teenoor die aggressiewe ateïs getuig dat God die Vader geen feeverhaal of legende is nie. Die almagtige Skepper en Onderhouer van die heelal kom openbaar die werklikheid van Sy bestaan self. En teenoor die Agnostikus kan ons bely dat God nie ver buite ons bereik en kennis is nie. Daarom openbaar Hy iets van ’n nabye eksistensiële werklikheid aan ons. Ons God en hemelse Vader is nie abstrak nie maar werklik.

Ons kan vandag nog in hierdie moderne wêreld dieselfde belydenis as Jakobus in 1: 17 hê: 17Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie

4. Altyd optrede wat met karakter strook

Die laaste aspek is aan hierdie openbaring van God is vandag vir ons baie belangrik. Om dit raak te sien, moet ons eers die fokus so bietjie uitdraai. Want wanneer ons die fokus uitdraai sien ons iets van wat Moses sien in vers 2, ’n doringbos wat nie uitbrand nie. Iets bonatuurlik, ja iets wat moeilik is om te verstaan en te begrip. Ons is gewoond dat mense in gesag en magsposisies dikwels nie veel moeite doen met hulle mindere nie.

Maar in ons teksgedeelte sien ons die Almagtige Skepper en Onderhouer as ’n ware afbuig na die mens toe. Persoonlik in gesprek tree met Moses. Maar daar is selfs nog meer as dit wat geopenbaar word. Want hierdie bemeoienis met die mens stop nie by Moses nie. Nee die verdere dinge wat die Here aan Moses openbaar, is vir ’n groter groep mense. Die Here het empatie en medelye met die mense wat Hy uitverkies het. Mense wat op hierdie stadium swaarkry onder die Egiptenaars. En die boodskap wat die Here ook aan Moses openbaar, is een van verlossing en redding. God die Vader het besluit om Sy mense uit Egipte te verlos. Dit gaan met groot magsvertoon gepaardgaan.

Ons weet dat getrou aan hierdie konstante onveranderlike karakter van God ons ook gered word. Want ons Here Jesus Christus, die enigebore Seun van die Vader kom na die aarde, met ’n doel. Die doel is om ons uit die slawernygreep van die sonde te kom red. Dit het die lewe van Christus as volmaakte offer aan die kruis gekos om dit te doen. En dit is hierdie vaste troos en hoop wat die Heilige Gees weer kom vestig by ons vanoggend. Dat maak nie saak wat gebeur of verander hier rondom ons nie. Die verlossende genade van die Here is ’n onveranderlike konstante. Hy is die Eerste en die Laaste, die Alfa en Omega en maak nie saak wat gebeur nie. Ons is veilig in Sy hande.

5. Slot

Ons kan vanoggend die preek afsluit deur te terug te keer na die ou bekende waarheid oor God die Vader. Soos ons al in die inleiding gesê het is dit vreemd in ’n moderne wêreld. Want in ’n moderne wêreld hoor ’n mens mos altyd, die uitroep dat jy moet aanpas of uitsterf. En ons sal nie eerlik wees, as ons sê dat ons nog nooit in terme van geloofsoortuigings ook in hierdie rigting gepraat en gedink het nie.

Maar dan kom die troos na ons vanoggend in die bekende. Die bekende stem van ons God en hemelse Vader, soos dit opgeteken in die Bybel staan, en soos dit ook hier in die erediens verkondig word. En miskien is dit nie dinamies en modieus soos die wêreld rondom ons vandag nie. Maar dit is bekend en betroubaar. Dit bly die vaste fondament vir my hele lewe. Trouens ten diepste is dit die rede waarom ook ek vanoggend kan bestaan en kan optree. Daarom is dit geen verassing dit my bestaan en optrede in lyn met dankbaarheid vir hierdie voorreg van die Here moet wees.

Maar uiteindelik gaan ons vanoggend, soos elke oggend hiervandaan weg met die troos dat ek ’n kind van die onveranderlik God en Vader is. Ek gaan weg met die wete dat wat ook al in die kerk en die wêreld rondom my gebeur, Hy sal my altyd selfs bonatuurlik beskerm en versorg. Want: “6So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie

Amen